**Donderdag 21 Julie**

**Skrifgedeelte: Kolossense 3:1-17; HK Sondag 18, Antwoord 49**
**Fokusgedeelte: Kolossense 3:1, 2**

### Christus gee sy Heilige Gees as waarborg aan ons

Die derde betekenis van Christus se hemelvaart is volgens ons belydenis dat Hy sy Gees as waarborg (teëpand) na ons toe stuur. Deur die krag van die Gees soek ons nou die dinge wat daarbo is, waar Christus aan die regterhand van God sit, en nie wat op die aarde is nie. Christus het self, toe Hy nog op aarde was, verklaar dat Hy ná sy hemelvaart die Heilige Gees, wat van die Vader en die Seun uitgaan, as Voorspraak sal stuur om vir ewig by ons te bly (Joh. 14:16, 17). Wat Christus beloof het (Joh. 15:26, 27), het Hy ook inderdaad gedoen (Hand. 2:33). Op Pinksterdag het die Heilige Gees gekom en deur sy werking word ons gedagtes en begeertes opgehef na die hemel waar die opgestane Christus is, en rig ons ons gedagtes na die dinge wat daarbo is waar Hy is (Kol. 3:1, 2). Hierdie fokus op Christus in die hemel beteken nie dat ons die aardse werklikheid moet ontvlug en ons roeping en taak hier op aarde moet verwaarloos nie. Dit beteken wel dat die gelowiges in Christus wat nou in die hemel is, die werklike sin en betekenis van hulle lewe moet vind en hulle roeping in hierdie lewe volgens sy wil moet vervul. Daarom moet hulle ook soos verlostes lewe wat geen behae in die sonde het nie (Kol. 3:1-17). Daarin kom die Heilige Gees hulle te hulp, want Hy laat ons besef dat ons vernaamste taak in hierdie lewe nie is om vir ons 'n skat hier op aarde te vergader nie, maar 'n skat in die hemel wat nie beskadig of gesteel kan word nie (Matt. 6:19-21).

Hoewel die Heilige Gees ons lei, krag gee en by ons aandring om te fokus op Christus wat daarbo is, bly dit ook van die mens se kant 'n roeping om dit te doen. Daarom was daar reeds in die derde eeu van die Christelike kerk die sogenaamde *sursum corda*, wat letterlik beteken: "Hef op die harte!" Dit was 'n oproep tydens die erediens om spesifiek op Christus in die hemel te konsentreer. Iets daarvan is tans nog te vinde in die gereformeerde nagmaalsformulier waarin daar voor die uitdeling van die brood en die wyn aan die gemeente gesê word: *"Verhef u harte tot Jesus Christus ons Voorspraak aan die regterhand van die Vader ..."* Die Heilige Gees is vir die gelowiges 'n kosbare waarborg wat Christus aan ons gee om ons te verseker dat ons aan Hom behoort. Die Heilige Gees maak ook al die weldade van Christus tot ons eiendom en verseker ons dat ons kinders van God is (Rom. 8:16). Die Gees trek ons egter ook na Christus in die hemel toe, nie met 'n soort magnetiese krag nie, maar met goddelike krag.